LIBERTY

Own your life

# Die Begroting in 'n neutedop

## Plaaslike ekonomies nuus: Maart 2011

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom Liberty Life**

Die Minister van Finansies, Pravin Gordhan, het 'n begroting ter tafel gelê wat allerweë as gebalanseerd beskou word in die lig van heelwat ekonomiese beperkinge.

### Ondersteuning van die ekonomie

Hoewel die Suid-Afrikaanse ekonomie van die resessie van 2009 herstel het, is die herstel steeds broos. Ekonomiese opbrengs het in die vierde kwartaal (Q4) van 2010 teen 'n beter as verwagte koers van 4.4% toegeneem, wat die algehele jaarlikse groei vanaf -1.7% in 2009 op 2.8% vir 2010 te staan gebring het.

Hierdie verbetering in die ekonomiese landskap het dit vir die Minister van Finansies ietwat makliker gemaak om sy tweede begroting ter tafel te lê. Hoewel die vlak van werkloosheid steeds onaanvaarbaar hoog is, het die tempo van afleggings verminder deurdat 'n aantal werksgeleenthede in die laaste kwartaal van 2010 beskikbaar geraak het. Dit het die werkloosheidskoers marginaal verlaag tot 24%.

### Die regering bestee meer as wat dit inkry

Ondanks die verbeterende ekonomiese klimaat, was die insameling van inkomste steeds swak. Die begrotingstekort (verskil tussen inkomste en besteding) was vir 2010/11 5.3% van die totale begroting en dit sal na verwagting in 2011/12 verder daal tot 4.8%.

Die Minister kon darem vir lae-inkomste verdieners, en meer spesifiek vir armes, 'n mate van verligting aankondig. Hy het ook twee ander kritieke kwessies aangespreek: werkskepping en die befondsing van Nasionale Gesondheidsversekering (NHI).

### Werkskepping

Die prioriteite wat in die begroting uitgestaan het, was soortgelyk aan dié wat in die Nuwe Groeipad voorgelê is en het ten doel om werksgeleenthede te skep deur middel van:

- Die voortsetting en verbreding van openbare belegging en infrastruktuur.
- Die teiken van meer arbeidsabsorberende bedrywighede in die landbou-, myn-, vervaardigings-, konstruksie- en dienssektore.
- Die bevordering van vernuwing deur 'groen ekonomie'-inisiatiewe.
- Die ondersteuning van landelike ontwikkeling en streeksintegrasie.

Die nastreef van sukses op hierdie prioriteitsgebiede sal volhoubare ekonomiese groei tot gevolg hê, met beter werksgeleenthede as wat die ekonomie op die oomblik bied.

*Kan ons die uitdagings te bowe kom?*

Die grootste uitdaging sal die uitvoering van hierdie planne wees. Die individuele departementele begrotingsposte sal waarskynlik meer duidelikheid bied oor hoe werkskepping sal plaasvind. Op die oomblik is 42% van jongmense tussen die ouderdomme van 18 en 29 werkloos en het hulle niks om na uit te sien nie. Dit is ‘n resep vir onrus en werkskepping is derhalwe vir die regering ‘n ernstige prioriteit.

Dit was bemoedigend om te verneem dat die regering nie beplan om enige versoberingsmaatreëls (soos byvoorbeeld die inkorting van regeringsbesteding, voordele en openbare dienste), soortgelyk aan dié wat in sommige gevorderde ekonomieë aanvaar is, in te stel nie en dat geen groot besnoeiings beoog word nie. Die fiskale beleid sal voortgaan om teensiklies te wees sodat dit die ekonomie in swakker tye kan ondersteun en gedurende groeitydperke kan spaar.

## Maatskaplike sekuriteit

Die regering het voortgegaan met die uitbreiding van die maatskaplike toelae-netwerk met die aankondiging dat daar ‘n gefaseerde uitbreiding van die ontvangers van die kinderonderhoud-toelaag sal wees tot op 18-jarige ouderdom, soos deur President Zuma in sy Stand van die Nasie-toespraak aangekondig is. In die jongste begroting is voorsiening gemaak vir ‘n verhoging in ouderdoms- en pensioentoelaes, met R60 tot R1 140 per maand, terwyl die kindertoelaag in April 2011 met R10 ‘n maand tot R260 verhoog word en van Oktober 2011 tot R270.

Hierdie is ‘n belangrike bron van inkomste vir die armste deel van ons bevolking en herbevestig die regering se uitgesproke onderneming om die lewens van arm Suid-Afrikaners te verbeter. Altesame R97.6 miljard is aan maatskaplike toelaes toegewys.

## Ekonomiese Vooruitsig

Die Departement van Finansies se voorspelling vir ekonomiese groei vir 2011 is 3.4%; dit sal na verwagting in 2012 verhoog tot 4.1% en in 2013 tot 4.4%. Regeringsbesteding sal na verwagting voortgaan om groei te ondersteun, wat ook stukrag sal kry deur ekonomiese herstel en verbeterde kommoditeitspryse. Daar was ‘n verbetering in huishoudelike besteding en beleggings wat deur stewige indiensnemingswinste ondersteun is en weer sal help om die ekonomiese herstel vol te hou. Ons verwag om by sowel die regering as die private sektor ‘n toename in beleggings te sien, waar die groei na verwagting van 3.9% in 2011 tot 6.8% in 2012 sal wees. ‘n Groei in uitvoere sal na verwagting oor die medium termyn ‘n gemiddeld van 6.5% per jaar handhaaf namate kommoditeitsuitvoere by ‘n sterk aanvraag en hoë pryse baat vind.

## Inflasie-kommer

Die voorspelling vir inflasie plaas dit steeds in die boonste band van die teikenveld, hoewel die Minister van Finansies erken dat daar ernstige risiko’s is wat hierdie doelwit kan kelder, soos byvoorbeeld stygende voedsel- en oliepryse. Die huidige rekeningtekort sal na verwagting van 3.2% van BBP in 2011 toeneem tot 5% in 2013 – hopelik vanweë ‘n toename in beleggings en nie verbruiksbesteding nie.

## Belastingverligting

Daar was geen groot veranderinge in die belastingbeleid vir individue of maatskappye nie. In ooreenstemming met die swakker inkomstestroom, asook om die uitwerking van inflasie teë te werk, het vanjaar se begroting belastingverligting van R8.1 miljard aangekondig, wat ‘n geringe toename is van die R6.5 miljard wat in die 2009/10-begroting toegeken is. Die laer inkomstegroepe sal die grootste voordeel trek.

Dit is belangrik, aangesien dit verbruikers se besteebare inkomste sal vergroot en hulle weer sal aanmoedig om te bestee; verbruiksbesteding deur huishoudings maak sowat twee-derdes uit van die BBW (bruto binnelandse wins). Vir volhoubare ekonomiese herstel om ‘n vastrapplek te kry, is dit belangrik dat die private sektor se aanvraag vergroot en nie staatmaak op bestedingsprikkels van die regering nie.

## Aansporings om te spaar

In ooreenstemming met wat die Minister “die regering se doelwit om ‘n groter nasionale spaarpoging aan te moedig”, noem, is die belastingvrye spaardrempel van rente en dividente verhoog van R22 300 tot R22 800 vir belastingbetalers jonger as 65 en van R32 000 tot R33 000 vir diegene ouer as 65 jaar. Die moontlikheid van spaar-aansporingskemas vir mense wat vir ‘n eerstehuis-deposito spaar, of ouers wat vir ‘n kind se opvoeding spaar, is ook aangekondig.

Dit wys dat spaar werklik ondanks die knap begroting as ‘n nasionale prioriteit beskou word,

## Aksynsbelasting (binnelandse belasting)

Soos verwag, is die sogenaamde sonde-belasting verhoog. ‘n Pakkie sigarette sal byvoorbeeld 80c meer kos, ‘n 340ml blikkie bier sal 6.4c duurder wees, terwyl ‘n 750ml bottel spiritus jou R2.86 meer uit die sak sal jaag.

Die *ad valorem* belasting op motorvoertuie sal vir voertuie meer as R900 000 tot 25% verhoog, maar nie baie Suid-Afrikaners sal deur hierdie verhoging geraak word nie.

Voorts sal daar in toevoeging tot die verwagte verhoging in petrolpryse as gevolg van stygende oliepryse, ‘n verhoging van 10c op die brandstofheffing wees, wat slegte nuus is vir besteebare inkomste.

## Beleidsaankondigings

Nasionale Gesondheidsversekering: ’n Landelike gesondheidsprogram sal oopgerol word as ‘n voorganger vir die volledige Nasionale Gesondheidsversekeringsprogram.
Befondsingsopsies sluit in:

- ‘n Betaallysbelasting betaalbaar deur werkgewers, wat tot werkgewerskoste sal bydra.
- ‘n Toename in die BTW-koers, wat veral by die vakbonde ‘n rooiwarm kwessie is.
- ‘n Bobelasting op die belasbare inkomste van individue.

Die Minister het beklemtoon dat hierdie slegs opsies is en dat daar vooraf deeglike konsultasie sal wees.

Indiensneming: Daar is ‘n spesifieke klem op die jeug.

- Die ‘learnership’-aansporingskema sal met vyf jaar verleng word.
- ‘n Jeug-indiensnemingsubsidie in die vorm van ‘n belastingkrediet wat oor ‘n tydperk van drie jaar R5 miljard gaan kos, sal deur die SAID geadministreer word.
- Om die doelwitte van die nywerheidsbeleid-aksieplan en die Nuwe Groeipad te steun, kwalifiseer sekere beleggings vir belastingverligting. Dit sal oorweeg word om sulke aansporings uit te brei vir arbeidsintensiewe projekte in Nywerheidsontwikkelingsones.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*